

21 Februarie

Skrifgedeelte: Openbaring 1:9-20

Fokusgedeelte: Openbaring 1:12, 13

Roepingsvervulling

Die kerk van die Here word in Openbaring 1 met staanlampe of kandelaars vergelyk (vs 12, 20). Net soos 'n kandelaar in 'n donker plek lig moet maak, het die kerk die roeping om die lig van die evangelie in 'n donker wêreld te laat skyn. 'n Kerk wat nie meer 'n kandelaar is en lig maak nie, mis sy doel en kan nie meer waarlik kerk wees nie.

Gelowiges voel soms te klein en te swak vir die taak wat hulle opgelê is. Hoe kan mense wat sondaars is en baie tekortkominge het, ligdraers vir die Here wees?

Die gesig wat Johannes op Patmos gesien het, maak dit egter duidelik dat ons nie huiwerig of bang hoef te wees om ons roeping te vervul en die lig van die evangelie te laat skyn om voluit kandelaar te wees nie. Immers, Jesus Christus staan, soos wat Hy hier geteken word, in groot krag en heerlikheid midde-in sy kerk, tussen die kandelaars.

Dit is die heerlike troos wat die Bybel aan ons bied. Agter elkeen van ons, hoe klein en onbelangrik ons nou ook al in die oë van die wêreld mag wees, en hoe ontoereikend ons nou ook al self mag voel, is die majesteitsgestalte van die opgestane Here. Sy oë vlam soos vuur. Sy voete is soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei. Sy stem is soos die gedruis van 'n groot watermassa. Om alles saam te vat, lees ons in vers 16 sy hele voorkoms is soos die son wat op sy helderste skyn.

As Hy vir ons en by ons is, kan niemand teen ons wees nie en kan ons voluit ligdraers vir God wees!

Sing: Psalm 99:1, 2 Ds CJH Breed (Secunda)